16.2 RAPPORT 1: DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – OORKOEPELEND (Artt 26, 230, 248)

A. Die voorsitterskap word deur die voorsitter, dr DG Breed, aan die ondervoorsitter ds SD Snyman oorgegee waarna laasgenoemde die rapporteur ds PW Kurpershoek aan die woord stel.
B. Ds PW Kurpershoek lewer die Rapport.
C. **Besluit:** Punte 3.1.2 en 3.2 word verwys na die volgende ad hoc kommissie: Ds MA Modise (s), drr DG Breed, EJ de Beer, di SA Cilliers, NN Ligege met adviseurs proff J Smit, RS Hobyane en dr PJ Buys om die mees ordelike weg te vind om die saak van die GKSA en Soutpansberg verder te hanteer.
D. Die vergadering gaan in camera.
E. Dr EJ de Beer rapporteer namens die ad hoc kommissie.
F. **Besluit:** Die rapport van die ad hoc kommissie word terugverwys vir herformulering.
G. Dr EJ de Beer rapporteer namens die ad hoc kommissie.

H. RAPPORT

1. Vorige Sinodes se besluite wat opdragte van Deputate raak

1.1 *Vir kennisname*

1.1.1 Die veelheid van kerke word aanvaar, maar nie om daarby te berus nie. Die eenheid van die kerk as mistieke liggaam van Christus is ‘n werklikheid, maar die eenheid van die uitwendige kerk is ‘n Goddelike eis en roeping. Hieruit vloei die roeping van die kerk voort om dit wat uitmekaar hou, broederlik met mekaar onder oë te sien om sodoende te bring in een kerkverband (Acta 1958:879-80, a.2.b).

1.1.2 Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet "as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping" gesien word (Acta 1970:69).

1.1.3 Die doel van die ekumeniese gesprek is die uitdra van die universele evangelie waardeur alle kerke tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer opgeroep word (Acta 1994:195, 2.2.1.1; vgl 1967:366).

1.1.4 Daar moet onderskei word tussen die roeping tot belewing van eenheid (kerke wat een in leer, diens en tug is) wat begrens is, en die roeping tot ekumenisiteit wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot die onderlinge gemeenskap van gelowiges (Acta 1967:366).

1.1.5 Met die eenheid van die kerk word nie eendersheid van plaaslike kerke bedoel nie. Daar sal noodwendig uiterlike verskille, bv in liturgie en bedieningsmetodes tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele voorkom (Acta 1997:171, 2.1.1.4).

1.1.6 Die ekumeniese roeping is dan gerig op "herstel van die eenheid van die kerk" (Acta 1967:365).

1.1.7 In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit egter nie net om ‘n gesprek oor hoe kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie, maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar ‘n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta 1997:176, 3.2.1).

1.1.8 Gesien in die lig daarvan dat die GKSA ‘n onbegrensde ekumeniese roeping het (Acta 1976:366) en die noodsaaklikheid van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (onder andere deur hierdie Deputate) insette en getuienis by godsdiensinstansies, waar onder die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies, sal lewer (Acta 1997:177, 3.2.3).

1.2 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

1.2.1 Die Sinode neem kennis.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.1 kennis geneem.

2. Algemene opdragte

2.1 *Opdrag (deur Sinode 2012 van kennis geneem vgl Acta 2012:182, 2.3.1-2.3.5)*

2.1.1 Die Sinode wyse Deputate aan om gesprekke te voer met binnelandse kerkgemeenskappe binne die Gereformeerde tradisie met die oog op kerklike eenheid.

2.1.2 Een van die Deputate Ekumenisiteit Owerheid word ter wille van die nodige skakeling op die Deputate Ekumenisiteit Binnelands benoem.

2.1.3 Een van die Deputate Ekumenisiteit Buitelands word ter wille van die nodige skakeling op die Deputate Ekumenisiteit Binnelands benoem.

2.1.4 Die te benoeme Deputate begin nuwe gesprekke binne die raamwerk van *ekumeniese kontak*, en sit reeds gekonstrueerde gesprekke voort binne die raamwerk van *ekumeniese bande* met die oog op *ekumeniese eenheid*.

2.1.5 Die Sinode begroot vir alle koste rakende die werksaamhede van die Deputate, insluitend die verpligte jaargelde rakende die Konvent van Reformatoriese Kerke.

2.2 *Vir kennisname*

2.2.1 Aan al die sake is deur die loop van die termyn aandag gee.

2.2.2 Daar is tydens ekumeniese geleenthede met verteenwoordigers van verskeie kerkgemeenskappe informeel gesprek gevoer.

2.2.3 In die komende jare kan hierdie informele gesprekke ontwikkel tot meer formele bilaterale en multilaterale gesprekke.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.

2.3 *Vir besluitneming: Aanbevelings*

2.3.1 Die Sinode wyse Deputate aan om gesprekke te voer met binnelandse kerkgemeenskappe binne die Gereformeerde tradisie met die oog op kerklike eenheid.

2.3.2 Een van die Deputate Ekumenisiteit Owerheid word ter wille van die nodige skakeling op die Deputate Ekumenisiteit Binnelands benoem.

2.3.3 Een van die Deputate Ekumenisiteit Buitelands word ter wille van die nodige skakeling op die Deputate Ekumenisiteit Binnelands benoem.

2.3.4 Die te benoeme Deputate begin nuwe gesprekke binne die raamwerk van *ekumeniese kontak*, en sit reeds gekonstrueerde gesprekke voort binne die raamwerk van *ekumeniese bande* met die oog op *ekumeniese eenheid*.

2.3.5 Die Sinode begroot vir alle koste rakende die werksaamhede van die Deputate, insluitend die verpligte jaargelde rakende die Konvent van Reformatoriese Kerke.

Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.5 goedgekeur.

3. Ekumeniese kontak met Sinode Soutpansberg

3.1 *Opdrag (Acta 2012:518, 3.3)*

3.1.1 Sinode 2012 gee nie ‘n spesifieke opdrag nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2 Ds MA Modise en dr PH Heystek word op die Deputategroep benoem teen die agtergrond van hulle betrokkenheid by die KO, art 48 Deputate en spesifiek die verhouding GKSA/Sinode Soutpansberg.

3.2 *Vir kennisname*

3.2.1 Die volgende skrywe is via die Administratiewe Buro ontvang.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Reformed Churches In South Africa Synod Soutpansberg

(Gates of hades shall not overcome it)

P.O BOX 74 SIBASA 0970 Tel: 0828895435/0844583107 email: iyani@mweb.co.za

Administration Bureau Synod Potchefstroom 2012/04/04

Reformed Churches in South Africa

P. O Box 20004

Nooordbrug

2522

Dear Brothers

RE: Your letter dated 7/01/2012

We hereby inform you that Synod Soutpansberg of the Reformed Churches in South Africa took note of your letter dated 7/01/2012 when it considered a report of its Article 48 deputies. Your letter was tabled on the 3rd April 2012. We then decided to communicate the following resolutions to you:

1. We sincerely regret that your synod unilaterally decided to terminate discussions with us about the reconstruction of the major assemblies of all the RCSA churches.
2. Synod Soutpansberg found your communication of the 7/01/2012 unclear and ambiguous. We are accordingly kindly asking you to spell out what you consider to be the implications of your decision.
3. Synod Soutpansberg also hereby inform you that it considers your decision concerning your relations with us unfortunate and unacceptable. We accordingly also resolved to prepare a request for a review of your decision at your next synod.
4. We also wish to indicate that we consider ourselves to be what we have always been namely the Reformed Churches in South Africa Synod Soutpansberg.
   We shall continue to pray and labour for true unity within all the Reformed Churches in South Africa.
   May our gracious God bless you and your work.

Yours in Christ's Service.

Chairperson

Rev Dr Liphadzi A.E

Secretary

Rev Lekalakala M.J

3.2.2 Die Deputate het in die lig van die sensitiwiteit van die aangeleentheid besluit om nie op die skrywe te reageer nie.

Besluit: Punte 3.1.2 en 3.2 word verwys na die volgende ad hoc kommissie: Ds MA Modise (s), drr DG Breed, EJ de Beer, di SA Cilliers, NN Ligege met adviseurs proff J Smit, RS Hobyane en dr PJ Buys om die mees ordelike weg te vind om die saak van die GKSA en Soutpansberg verder te hanteer.

3.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

3.3.1 Om van die skrywe van Sinode Soutpansberg kennis te neem.

I. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE

1. Opdrag

Om 'n antwoord op die brief van RCSA Synod Soutpansberg te formuleer en die Sinode te adviseer oor die pad vorentoe.

Besluit: Kennis geneem.

2. Antwoord op aan RCSA Synod Soutpansberg

Die Kommissie beveel aan dat die Sinode soos volg die skrywe van RCSA Synod Soutpansberg beantwoord:

Reformed Churches in South Africa Synod
Soutpansberg
PO Box 74
SIBASA
0970

Dear brothers

We have received your letter dated 4 April 2012. We gladly respond as follows on your letter:

1. The General Synod of the GKSA (2012) did not take a unilateral to "terminate discussions" with Synod Soutpansberg.

2. General Synod 2012 took the following decision:
   "Synod accepts the reality that Synod Soutpansberg and the Reformed Churches in South Africa do not constitute a functional and structural unity". This decision established the juxtaposition of RCSA Synod Soutpansberg and the GKSA. To elaborate: it is with a sense of humility and great sorrow that the GKSA (Synod 2012) had to accept that RCSA Synod Soutpansberg developed its own structures and functions as an alternative church denomination separate from the GKSA.

   The GKSA knows what the Lord's Word expects of us. Because of the intense pain many members of the GKSA endured and is still enduring, caused by Soutpansberg churches, for example victimization, court cases, intruding in local congregations where GKSA churches are ministering, it is currently very difficult for the GKSA to initiate discussions.

   We took note of your e-mail to dr Pieter Heystek (8 September 2014) requesting contact details. We confirm that you send correspondence to dr Hennie Goede of our Deputies Ecumenic Affairs (Inland). His e-mail address is henniegoede@telkomsa.net

   We courteously remind you that our denomination's name is Gereformeerde Kerke

in Suid-Afrika.

Your brothers

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

3. **Weg vorentoe**

3.1 Die Kommissie beveel aan dat die GKSA lidmate en gemeentes wat as gevolg van die situasie met RCSA Synod Soutpansberg ly, soos volg bystaan:

3.1.1 Dat lidmate gevra word om voortdurend vir die lydendes en alle betrokke partye te bid en die lydendes ook te bemoedig;

3.1.2 Dat die Sinode Deputate aanwys om bystand te verleen aan kerke wat fondse insamel om kerke te bou, omdat hulle nie meer die vrye gebruik van hul geboue het nie. Die fondse moet gebruik word om gemeentes te help om geboue op te rig sodat lidmate ongehinderd en rustig die Here kan dien. Hierdie hulp word alleenlik aangewend waar dit duidelik geword het dat dit nie moontlik is om geboue in vrede te gebruik nie.

Motivering:

Die koste om ‘n hofsaak oor die gebruik van kerkgeboue te voer, kan R500 000 per gebou beloop. ‘n Positiewe uitslag van so ‘n saak is nie gewaarborg nie. Van die geboue se geldelike waarde is aansienlik minder as wat ‘n hofsaak sou kos. Die GK De Hoop en die GK Tshiawelo het byvoorbeeld reeds die inisiatief geneem deur op eie koste ‘n erf te bekom asook fondse te begin insamel om nuwe kerkkomplekse te bou.

3.1.3 Dat die Algemene Sinode, soos in die verlede, daarvoor voorsiening maak om kerke wat steeds by litigasie betrokke is en/of nie in ‘n posisie is om aan 3.1.2 gevolg te gee nie, finansieel by te staan.

3.1.4 Dat gemeentes wat hulp aan gemeentes in RCSA Synod Soutpansberg verleen, versoek word om die gevolge van die hulp en persepsies van die hulp verreken aangesien daar ‘n gevestigde beskouing is dat die hulp daartoe bydrae dat lidmate van die GKSA geterroriseer en op ander wyses benadeel word.

3.1.5 Dat kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het en wat hierby belang het, deur die te benoeme Deputate Ekumenisiteit Buitelands op gepaste wyse inlig en versoek word tot voorbidding

Besluit: Punte 3.1 tot 3.1.5 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).